

*H
O
E
P
H
O
E
P*



*AUGUSTUS 2026
Jaargang 31(3)
Nr. 150*

UIT DIE VOORSITTER SE NES

ELKE VOËLWAARNEMING VERTEL 'N STORIE

Beste lede en vriende van BirdLife Wesvaal.

Geen twee uitstappies is ooit dieselfde nie. Dit is een van die grootste gewes van voëlkyk. Soms wag daar 'n langverwagte "lifer" om die volgende draai. Ander kere is dit 'n bekende tuinvoël wat ons skielik nuut laat kyk en herinner dat die natuur elke dag 'n nuwe wonder is.

Elke waarneming, groot of klein, vertel sy eie storie. Hoe meer tyd ons buite spandeer, hoe meer leer voëls ons iets oor onself. Miskien is dit geduld, aanpasbaarheid of die kuns om fyn te kyk. Dit is lesse wat ons ver buite die veld kan dra.

BirdLife Wesvaal lede is meer as net voëlkykers. Dit is 'n gemeenskap van mense wat dieselfde liefde deel, vir voëls, die buitlug en vir die goeie geselskap van vriende wat liefde vir die natuur deel. Hier word kennis gedeel, nuwe vriendskappe gesmee en herinneringe gemaak.

Kom kuier saam op ons uitstappies. Deel jou foto's en waarnemings. Vra gerus vrae en deel ook jou kennis. Nooi 'n vriend, buurman of familielid saam, dalk ontdek hulle, net soos ons, dat voëlkyk veel meer is as net 'n stokperdjie. Dit is 'n manier om die wêreld stadiger en helderder te sien. Dit is juis julle betrokkenheid en entoesiasme wat BirdLife Wesvaal so 'n warm en lewendige klub maak.

Mag hierdie wintermaande vir elkeen mooi waarnemings, veilige ritte en onvergeetlike oomblikke bring. Dit is nie net die voëls wat ons lewens verryk nie, dit is ook die mense saam met wie ons hierdie passie deel.

Lekker voëlkyk, reis veilig, en onthou: die volgende besondere voël is dalk net om die volgende draai. 🐦

KLUBAANDE

LIGENE

Dokter Rudi van der Walt het op 7 Mei 2026 'n interessante praatjie oor ligene aangebied wat deur 40 lede bygewoon is.

'n Ligeen vorm 'n verbond tussen twee organismes. Die swam (fungus) is die mikrobiont wat die hele organisme beskerm en water en mineraal soute absorbeer. Die groen alg of blou-groen sianobakterium is die fotobiont wat sonlig gebruik om voedsel vir die ligeen te vervaardig.



Verskillende ligene tipes kom voor:

- Korsvormiges – wat plat teen 'n boom of klip groei.
- Blaarvormiges – bestaan uit blaaragtige lobbe wat geanker is aan 'n substraat maar die res van die ligene hang vry.
- Struikvormiges – vrystaande en bestaan uit vertakte buisvormige dele, soos die oumansbaard.

Ligene het ingeboude beskermings meganismes. Hulle vervaardig metaboliete wat beskerming bied teen ultraviolet bestraling, uitdroging of 'n oormaat water. Hierdie metaboliete beskerm ligene ook teen die oormaat gebruik van diere en insekte om sodoende hulle voortbestaan te verseker.

Metaboliete en die biomassa van ligene word egter ook deur die mens en diere gebruik.

- Ligene verryk die grond en voed plante.
- Voëls en insekte gebruik ligene om hulle neste te kamoeffleer.
- Dit dien as tuiste, beskerming en kamoefflering vir insekte, myte en spinnekoppe.
- Ligene is 'n aanduider van die omvang van klimaatsverandering en besoedeling.
- Ligene kan op vulkaniese as groei en verander hierdie onherbergsame habitat vir pionier organismes om te vestig.

Voëls gebruik ligene op die volgende maniere:

- Blaarvormige ligene word gebruik om neste te bou.
- Suikerbekkies en kapokvoëls plaas ligene om hulle nessies vir kamoefflering.
- Ligene help ook om neste waterdig te maak.
- Die antimikrobiële eienskappe van ligene beskerm voëls teen peste.
- Ligene dien as 'n voedselbron vir sommige voëls.
- Voëls help ook met die verspreiding van ligene.

Ligene word ook deur die mens as medisyne gebruik want dit is antibakterieël, antiparasities, antifugaal en 'n anti-oksidadant. Ligene vorm ook 'n komponent in sommige salwe en topikale medisyne.

In die wintermaande dien ligene as kos vir rendiere in die koue streke. Oorsee word ligene in verskillende smulgeregte en geurmiddels gebruik.

Industrieel word ligene in die rehabilitasie van mynhope gebruik, en dit dien as kleurmiddels vir klere.

Besoedeling deur mensgemaakte chemikalieë is ongelukkig baie nadelig vir ligene omdat dit ligene doodmaak. Dit sluit veral swaeldioksied afkomstig van voertuie en fabriekke in. Omgewings met min besoedeling het dus 'n groter verskeidenheid van ligene.



“Sjop en Sjerrie”

BirdLife Wesvaal het sy maandelikse klubbyeenkoms gehou op 4 Junie 2026. Ten spyte van die koue, het 44 lede by die Elgro Hotel bymekaar gekom vir 'n baie genotvolle aand.



Die aand het begin met 'n verwelkomende glasie sjerrie in die sitkamer.

Daarna het Corrie en Alet “Raai en Leer” aangebied. Hulle het foto's of klanke gespeel en die klublede moes **RAAI** watter voël dit is. Hulle het egter na die raaiskoot vir die klublede verduidelik watter eienskap of eienskappe hulle moet gebruik om daardie voël te identifiseer. So het almal dan ook iets nuuts ge**LEER**.

Die Witkruissperwer, voorheen ook genoem Kleinsingvalk, (Gabar Goshawk) en die Akkedisvalk, (Lizard Buzzard) kan baie maklik verwar word. Die Akkedisvalk het egter die swart keelstreep deur sy wit ken wat hom maklik onderskei van die Witkruissperwer.



Die Fiskaallaksman (Common Fiscal) en Fiskaalvlieëvanger (Fiscal Flycatcher) kan ook maklik verwar word. Die maklikste is dat die laksman se wit strepie van sy “skouer” af is en die vlieëvanger vanaf sy “elmbog”.





As die waterfiskaal (boubou) nie sing nie en in die donker bos wegkruip kan hy ook met die ander twee verwar word. Gelukkig vir voëlkykers is hy 'n vrolike voël wat jy eers hoor voordat jy hom sien.

Die klublede is vermaak deur Alet se opmerkings oor die klopkloppies (cisticola's) wat bykans onmoontlik is om te identifiseer sonder dat hulle sing. Hulle is ook geneig om so te sit dat 'n foto tussen die grasse nie moontlik is nie. As hulle sing is hulle so klein dat jy hulle amper in vlug nie kan sien nie. Maar dit is juis hierdie dinge wat voëlkyk so interessant maak.

Klublede het ook geleer van die “landingsligte” van die Dwergarend (Booted Eagle)



Daarna is almal bederf met 'n verskeidenheid heerlike soppe en vars broodrolletjies. 'n Perfekte manier om die liggaam van binne af warm te maak.



CONSERVATION MEETS REALITY: PROTECTING BIRDS TODAY

On 6 August, BirdLife Wesvaal hosted Dr Hanneline Smith-Robinson, Head of Conservation at BirdLife South Africa, as guest speaker. She spoke on "Conservation Meets Reality: Protecting Birds Today" and walked members through the organisation's current projects, challenges, and wins.

Top Projects

- The Wetlands and White-winged Flufftail (Witvlerkvleikuiken) team downlisted the flufftail from Critically Endangered to Endangered and produced wetland-management guidelines and two children's books.
- BirdLife's African Penguin (Brilpikkewyn) work won a legal settlement with Southern African Foundation for the Conservation of Coastal Birds (SANCCOB) that created no-take fishing zones around six colonies; the new De Hoop colony has released 333 fledglings, and automated monitoring now tracks foraging at four sites.
- A new Species Action Plan targets Botha's Lark (Vaalrivierlewerik); the first Atlas Bash citizen science event logged 5,644 sightings of 227 species from 40 birders.
- The Birds and Renewable Energy project tracks turbine-collision risk for the Black Harrier (Witkruisvleivalk), Verreaux's Eagle (Witkruisarend), Cape Vulture (Kransaasvoël) and Martial Eagle (Breëkoparend) and produced a Shutdown-on-Demand guideline for wind farms.
- The Albatross Task Force cut seabird bycatch by trialling bird-scaring lines alongside the Ocean View Association for Persons with Disabilities, while the Vulture Project pushes for non-lead ammunition.

Key Challenges

- Black Harrier numbers could collapse within 75 years if losses continue at just five adults a year.



- Funding is becoming less reliable as global politics shift, weakening international support for conservation.
- Laws such as the National Environmental Management: Biodiversity Act 10 of 2004 (NEMBA), the National Environmental Management: Protected Areas Act 57 of 2003 (NEMPA), and the Biodiversity White Paper exist, but the political will to enforce them varies.
- Wind energy and fishing interests keep clashing with conservation goals.
- With 95% of Renosterveld already farmed and Dichlorodiphenyltrichloroethane (DDT) / Polychlorinated biphenyls (PCBs) turning up in

Black Harriers, working with landowners and farmers matters more than ever.

Top Success Stories

- The Southern Bald Ibis (Kalkoenibis) numbers has climbed from 2,000 birds in 1941 to about 10,000 today, moving it from Vulnerable to Near Threatened.
- De Hoop's penguin colony, which first bred in 2022, now holds three nests and around ten regular residents.
- Secretary birds (Sekretarisvoëls) had a bumper season, with 22 active nests and four ringed chicks, bringing the long-term total to 300 nests since 2012.
- In March 2025, a court win, backed by over 44,600 petition signatures, secured no-take zones along the West, Southwest, and East coasts.
- The 2025 Red Data Book assessed 753 species, flagging wins such as the Ibis, Cape Vulture, Wattled Crane (Lelkraanvoël), and flufftail (vleikuiken), alongside 147 species still under threat.

BirdLife Wesvaal thanks Dr Hanneline Smith-Robinson for a presentation that struck a real balance between hope and honesty. She reminded members why the work matters and how much remains to be done, and she left the club with a clearer picture of where South Africa's conservation efforts stand today. BirdLife Wesvaal looks forward supporting BirdLife South Africa's projects in the months ahead and wishes Dr Smith-Robinson every success in her continued work.

DAQUITSTAPPIES

FAAN MEINTJIES UITSTAPPIE

Een van die dele van 'n voëlklub uitstappie is dat 'n mens nooit seker is wat die veld gaan oplewer nie. Partykeer is dit 'n "lifer", 'n swerwer of renosters in Faan Meintjies.

'n Groep van 15 lede van BirdLife Wesvaal het Saterdag 23 Mei die Faan Meintjies reservaat buite Klerksdorp besoek. Hulle het die oggend 7:00 by die hek bymekaar gekom en eers by die kampplek voëls gekyk en daarna die sirkelroete gery.

Faan Meintjies reservaat het 'n verskeidenheid habitate; grasveld, koppies met bome asook damme. Die damme het min watervoëls gehad, moontlik as gevolg van die baie reën en dat daar in die omgewing van Faan Meintjies, baie damme en water was.



Die groep het mekaar by die piekniekplek gekry waar almal saam gekuier het en middagete geëet het.

Die res van die roete het die renosters opgelewer, 'n bul, koei en kalfie. Dit is regtig wonderlik dat die renosters nog daar beskerm word. Ander wild het kameelperde, springbokke, rooibokke, sebras en hartebeeste ingesluit.

Die groep het plus minus 60 voëlspesies gesien wat 'n redelike getal is vir 'n oggend se voëls kyk.

AALWYN PLAAS



Die beplande besoek op 6 Junie aan die Aloe Farm in die Hartebeespoort omgewing was verskuif na die vakansiedag op 16 Junie. Dié datum was egter nie geskik vir die lede nie aangesien niemand die uitstappie kon bywoon nie.



Lounell White het wel die plaas op 15 Junie besoek, waar die aalwyne vol in blom was. Die enigste twee suikerbek spesies wat sy op dié dag kon waarneem was die Witpenssuikerbekkie (White-bellied Sunbird) en Swartsuikerbekkie (Amethyst Sunbird) wat baie min stil op die aalwyne stilgesit het. Die aalwyne is oor 'n wye gebied versprei en ver genoeg van die kwekery self sodat voëlkyk nie gesteur word deur mense wat die kwekery besoek nie.



'n Bykomende voordeel is die gedeelte wat uitgelê is as 'n natuurlike tuin van die omgewing met paadjies en sitplekke waar verskeie voëls soos die Witkeeljanfrederik (White-throated Robin-Chat) ook voorkom. Hierdie plaas is beslis 'n besoek werd vir enigiemand wat in die Hartebeespoort omgewing is. Wintertyd met al die aalwyne in blom is 'n pragtige gesig omdat daar soveel verskillende aalwyne op die plaas voorkom.

NAWEEKUITSTAPPIE

Sediba Lodge

'n Groep van sewe lede van Birdlife Wesvaal het van 24-27 April, Sediba Lodge besoek. Dié Lodge is naby Brits en in die omgewing van die Dikololo tyddeel lodge. Sediba Lodge is op 'n wildsplaas geleë, met hoofsaaklik doringveld en gras as habitat. Daar is verskeie gronddamme en vleie. Die plaas was deurkruis met goed gemerkte paaie sodat al die habitatte bereik kon word. Dit het gehelp om 'n groter verskeidenheid voëlspesies te kon sien.



Die naweek het begin met aanhoudende reën, maar teen Saterdag het dit opgeklaar en bygedra dat daar groot groepe voëlspesies maklik gesien kon word. Hoewel sommige voëlspesies reeds begin migreer het vir die winter, is daar meer as 80 spesies dié naweek gesien.

Die hoogtepunt was die waarneming van die Akkedisvalk (Lizard Buzzard).

Die lede het baie lekker saam gekuier en die langnaweek afgesluit met

skemerkelkie op die damwal, waar 'n trop kameelperde kom water drink het.

ARTIKELS

ELKE FOTO VERTEL 'N STORIE

Johan en Helen Yssel het die Kruger Wildtuin besoek die tweede week in Maart 2026. Hulle het op 'n groot Berghaan (Bateleur) afgekom wat sopas 'n boomslang gevang het, en die slang begin eet het reg voor hulle op die pad.



Johan Yssel

PELAGIESE VOËLS

Corrie Venter en Alet Steyn het 'n mislukte probeerslag gehad om 'n toer van pelagiese voëls mee te maak in November 2025. Hulle het toe beplan om 9 Mei 2026 weer te probeer. Die beplanning het sommer 'n hele toer vir Meimaand ingesluit om op verskillende plekke voëls te gaan kyk.

Hulle het 3 Mei vanaf Potchefstroom vertrek en oorgebly by Mieliefontein gasteplaas naby Hanover. Die beplanning was om LBJ's en korhane te sien.



Die veld was in 'n goeie kondisie en verskeie kleiner voëltjies is gesien soos die Hoëveldklappertjie (Eastern Clapper Lark) wat heerlik op 'n bossie gesit en sing het, Vlaktelewerik (Spike-heeled Lark), Rooioorlangstertjie (Rufous-eared Warbler), Dikbeklewerik (Large-billed Lark), Bontpiek (Arnot's Chat), Woestynkloppie (Desert Cisticola), Bergwagter (Mountain Wheatear), Slangverklikker (Karoo Scrub Robin), Gysrugtinktinkie (Grey-backed Cisticola), Landerykloppie (Zitting Cisticola), Karoospekvreter (Karoo Chat), Nicholsonkoester

(Nicholson's Pipit) en Vaalstreepkoppie (Lark-like Bunting).



Bo Links:

Woestynkloppie (Desert Cisticola)

Links:

Rooioorlangstertjie (Rufous-eared Warbler)


'n Heerlike verrassings was ook 'n Lepelaar (African Spoonbill), wat in 'n watergat langs die pad gesit het,

waarop hulle ge-ORF is.

Dit het egter die tweede dag swaar begin reën wat dit onmoontlik gemaak het om die derde dag weer op die grondpaaie te kon rondry sonder 'n 4X4 voertuig. Hulle het 'n vriendin van hulle in Murraysburg gebel en ry 5 Mei om daar oor te slaap. Hulle was baie bly om daar tussen die karoobossies 'n Kaalwangvalk (African Harrier-Hawk) te sien. Daardie aand het dit erg begin reën en hulle het die volgende oggend moeilik

tot by Paarl in gietende reën gery. Gelukkig vir hulle het dit net na die Hugenote tunnel opgehou met reën en kon hulle vir die volgende twee dae wynplase besigtig en rondry vir voëlkyk.

Hulle vertrek 8 Mei na Houtbaai. Die oggend van die 9 Mei is dit mooi oopgetrek en hulle droom word bewaarheid. Na bykans 2 ure se bootrit vind hulle die eerste treiler en verkyk hulle aan die duisende voëls wat naby die boot vlieg en swem. Mens het nie eers 'n verkyker nodig om die meeste voëls te identifiseer nie. Daar was twee persone op die boot wat wel die voëls uitgewys het vir dié wat glad nie die verskillende spesies geken het nie. Daarna is nog twee treilers gevolg wat visafval gestort het.



Interessante feite wat uitgewys is, is dat die meeste van die voëls bedreigd is as gevolg van langlyn- en treilervissery verwante sterftes.

Nog interessant is om te weet waar die voëls hoofsaaklik broei.

Corrie en Alet was gelukkig om die onderstaande voëls waar te neem. As mens in ag neem wat hulle “Red Data” status is dan is dit die moeite werd om wel so pelagiese reis mee te maak voor dit te laat is.

Afrikaanse naam	English name	Red Data
Antarktiese walvisvoël	Antartic Prion	
Bassiaan	White-chenned Petrel	Vulnerable
Bloubekalbatros	Shy Albatross	Near Threatened
Bruinroofmeeu	Subantarctic Skua	Endangered Least Concern
Geelbekpylstormvoël	Cory's Shearwater	
Gewone stormvoël	Wilson's Storm Petrel	
Grootnellie	Northern Giant Petrel	
Grootpylstormvoël	Great Shearwater	
Indiese geelneusalbatros	Indian Yellow-nosed Albatross	Endangered
Malbaartjie	Sooty Shearwater	Near Threatened
Reusenellie	Southern Giant Petrel	Near Threatened Least Concern
Seeduifstormvoël	Pintado Petrel	
Swartpensstormvoël	Black-bellied Storm Petrel	Near Threatened Least Concern
Swartrugalbatros	Black-browed Albatross	Least Concern





Grootnellie
Uitgeken aan
dowwe rooi
op punt van
sy bek

Reusenellie
Uigeken aan
groen kleur
op punt van sy bek



Links **Geelkanarie (Yellow Canary)**
gesien by Mokala.

Corrie en Alet wou op 11 Mei na Tulbach vertrek. Die eienaar van die gasteplaas het hulle gebel en meegedeel dat al die passe na Ceres en Tulbagh alreeds gesluit was as gevolg van die storms in die Kaap. Hulle het besluit om maar die Kaap te verlaat en na 'n angswekkende

rit deur die storms het hulle in Beaufort-Wes oorgeslaap.

Mokala Nasionale Park kon hul verblyf wysig en hulle het heerlik in sonskynweer vir vier dae daar gekuier. Die verskillende habitatte van boomryk, grasvelde en semiwoestyn het bydra dat hulle heelwat voëls kon sien. 'n Plek wat definitief meer deur die klub besoek kan word.

Alet Steyn en Corrie Venter

VOËLKLUB ERVARINGS

Hannelie Kotzé se voëlklub ervarings het in 1996 begin toe sy in Potchefstroom navraag gedoen het oor voëlklubs in die omgewing.

Eerste ervaring

Min wetende dat die eerste uitstappie vir haar 'n redelike uitdaging sou wees, het sy die voorsitter gebel, wat op daardie stadium Zigi was, wat aangebied het dat sy die

Saterdag, vir die naweek uitstappie na Suikerbosrand, saam met hom kon ry en dan in een van die huise wat daar was, 'n slaapplek sou kry.

Die naweek was 'n wonderlike ervaring met soveel ongelooflike vriendelike mense. Daardie eerste naweek het die hele voëlboek vir haar 'n nuwe betekenis gekry. Die geduldige ondersteuning van almal wat kennis uitgedeel het, sonder om haar ongemaklik te laat voel oor haar gebrek aan kennis met die identifisering, het soos die naweek aangestap het, die voëlkyk gogga laat byt.

Die naweek was soos reeds genoem nie sonder sy probleme nie, soos die Saterdag gevorder het, het Hannelie besef iets gaan nie heeltemal volgens beplanning nie. Halfpad deur die dag toe sy gevra het waar die slaapplek is, het dit geklink of sy binne in Zigi se bakkie sou slaap, en hy op die dakrak. Dié vooruitsig was vir haar 'n bietjie ongemaklik want op daardie stadium was sy nie eers 'n kamper nie. Iets wat sy in die voëlklub moes leer is dat kamp en voëlkyk soms sinoniem is maar dat voëlkykers altyd 'n plan kan maak. Met aandete was daar nog geen bed in sig nie maar teen nagereg het die bestuur ongesiens rond gevra en het 'n getroude paar van Klerksdorp vir haar 'n plekkie gemaak in hulle karavaan. Hulle het haar so welkom laat voel dat dit soos familie gevoel het.

“Beginners luck”

Haar pa het die voëlklub uitgenooi na 'n plaas in Groot Marico, Sonop, wat 'n boer aan hulle beskikbaar gestel het vir die naweek. Dit was 'n uitsonderlike ervaring met baie lifers. Sy het vir haarself 'n lys gemaak en besluit dat sy baie graag 'n tinker (tinkerbird) wou sien. Onder 'n boom, maar met 'n paar van die groot voëlkyk geeste rondom haar het sy sowaar die tinker gesien. Vinnig om eerste die voëltjie te identifiseer het sy die tinker uitgewys maar nie die reaksie gekry wat sy verwag het nie. Dadelik is sy vertel dat sy mooi moet kyk want dit is net 'n mossie. Sy was egter baie seker van haar saak en na 'n redelike heen en weer bespreking waarop hulle almal mooi verduidelik het wat die verskil was het iemand toe wel die tinker raakgesien. Die voëlklub het haar dus geleer dat as 'n mens seker is van jou saak jy wel na ander moet luister maar ook nie in jouself moet twyfel nie.

By Stonehedge het sy 'n Donkerlewerik (Dusky Lark) geïdentifiseer wat heeltemal uit sy gebied was. Die ander mense in die kar het ook genoem dat dit hoogs onwaarskynlik is. Iemand anders het wel die moeite gedoen om mooi te kyk en Hannelie was reg. Sy het agter gesit en die bestuurder van die kar wou vinnig sien waarvan hulle praat. Hy het vir Hannelie die verkyker gevra en vat dit sonder dat sy besef die band is oudergewoonte om haar nek met die gevolg dat Hannelie saam met die verkyker vorentoe is. Daar is 'n paar keer gespot oor hoe gevaarlik dit is om 'n korrekte identifikasie te maak, want 'n mens kan dalk net jou kop verloor.

Uitsonderlike uitstappies

Twee plekke of uitstappies wat ook 'n groot indruk gemaak het was Samaria in 2002 en Tannie Tillie se Natal Toer. Samaria, wat langs Mapungubwe geleë is, was 'n ervaring. Daar kom geskiedenis, geografie, geologie, die diereryk en rustigheid



bymekaar. Die voëlkyk ervaring was iets besonders. Naby die kamp is die rivier met baie watervoëls.

Op die eerste uitstappie het Hannelie, haar pa en ma en nog vyf ander vroue in hulle kombi saamgegaan. Alles het baie goed verloop tot hulle by die wildheining gekom het waar hulle deur 'n groot wildtuin hek moes gaan. Aangesien 'n redelike hoeveelheid klubdele op verskillende tye deur die hek moes gaan het hulle vooraf bespreek dat die sleutel onder 'n spesifieke klip gebêre moes word. Toe Hannelie hulle egter by die hek kom was die sleutel nie meer onder die spesifieke klip nie en hoewel almal rond gesoek het, kon geen sleutel gekry word nie. Haar pa het soos 'n goeie boer betaam, 'n plan gemaak. Hy het die groot hek van die skarniere se kant los gedraai, deur die losgemaakte hek gery en weer die hek vas gedraai. So het hulle ervaring van Samaria begin.

Dit was ook nie sonder sy gevare nie. 'n Klomp van die vroue het in die rivierbedding opgeloopt waar dit veilig was en op 'n plek gaan sit. Gou het elk 'n ander voël raak gesien, dit het seker soos 'n klomp vinke in 'n boom geklink. Vinnig het elkeen 'n nuwe "lifer" gehad of 'n voël waargeneem wat sy lanklaas gesien het. Op 'n stadium het hulle egter besef dat hulle in die rivier sit en niemand agter hulle kyk nie, so gefokus was hulle op die een kol. Hulle het wel besef dat hulle soms so meegevoer kon word deur hulle passie dat hulle moontlike gevare heeltemal kon ignoreer.

Tannie Tillie se Natal toer, in Junie 2004 was 'n week van onvergeetlike voëlkyk ervarings. Hulle het Dlinza Forest se "aerial boardwalk" in Eshowe besoek en baie gestap. Die toer het ook Mtunzini en Mkuze ingesluit. Die hoogtepunte was seker die soek na die Natallyster (Spotted Ground Thrush) wat Hannelie en Hentie nie saam met die ander gesien het nie. Die snaakste van dié toer was die hiëna wat Hentie se kragkabel opgeëet het terwyl die krag af was. Die humor is nie in die verlies nie maar wel die feit dat Parkeraad hulle dié aand probeer injaag het om die kragkabel te vervang, maar Hannelie en Hentie het gedink hulle word agtervolg. Hulle was nie bewus dat die Parkeraad beplan het om hulle te help en dit was 'n groot verligting om die kabel terug te kry en te besef dit met goeie intensies was wat iemand hulle in gejaag het.

Ratzegaai voëltjies

Daar is niks so spesiaal as om 'n voël op jou eie plek vir die eerste keer te sien nie. Dit is nog meer spesiaal is om 'n voël wat jy so graag wil sien op jou eie werf as 'n "lifer" te kry.

Tydens hulle Natal toer wou Hannelie 'n Swartreier (Black Heron) sien en was die hele tyd op die uitkyk daarna. 'n Paar maande daarna is hulle die naweek by die dam op die plaas. Terwyl sy daar sit en na die omgewing kyk het sy 'n voël gesien met 'n eienaardige manier van visvang. Daar in die vlakkerige water was die reier wat sy vlerke gesprei het om vis te vang, wat 'n wonderlike voël om op haar voorstoep te sien.

Nog 'n ongelooflik "lifer" was by die sediment damme by die varkhokke, 'n geel voëltjie



op die droë dam. Dit was so geel soos 'n kanarie maar het nie kanarie gedrag getoon nie. Die voëltjie het 'n duidelike langer stert gehad en 'n duidelike wip in die stert, 'n Geelkwikkie (Western Yellow Wagtail). Die klub het Ratzegaai toe gegaan vir 'n uitstappie, omdat almal wat van die Geelkwikkie gehoor het gretig was om die voëltjie te sien. Hannelie was bekommerd dat hulle nie die kwikkie sou sien nie maar daar oor 'n klein houpie grond het die geelkwikkie gestap, duidelik sigbaar vir elkeen om te sien. Dit is wat voëlkyk so interessant maak, daar is altyd iets wat jy nie verwag nie.

Hannelie Kotzé

GRYSKOPPIE-ERVARING

Willie Victor se oudste kleinseun, Hugo, het 21 geword en net soos met sy geboorte, het die familie se vreugdevure hoog gebrand! Sondag 31 Mei was lankal op die almanak gemerk en die langpad Kaap toe was vir Oupa en Ouma sommer soos 'n daguitstappie!

Tussen die gebak en gekook, ter voorbereiding vir die groot dag, was Oupa meer lastig as handig in Hugo se ouerhuis. Gelukkig was Birdle een manier om uit die pad te bly, tot Sondag se groot kuier.

Vrydagoggend is "Gryskoppie" een van die opsies van name vir die dowwe foto van die dag se Birdle. "Gryskoppie?" Willie het nog nooit eers van die naam gehoor nie! Roberts se toepassing het vertel dat Cecil John Rhodes rondom 1890 enkele Kaap toe gebring het en dat hul sedertdien gevestig is in denneplantasies naby Nuweland, veral in Tokai woud. Soos 'n goeie senter sien (en vat) Willie die gaping en pak toe die verkeer aan vanaf Durbanville na Tokai.

Daar aangekom het hy homself so 90 minute gegun sodat hy teen 15h00 kon begin terugry voordat die ergste middagverkeer begin. Die bome was hoog en ruig en die voëls maar min, om nie eers te praat van Gryskoppies (Eurasian Chaffinch) nie. Redelik moedeloos en met so 10 minute oor voor draaityd, het hy vreemde kanarieagtige geluide gehoor. Uit desperaatheid het hy die Gryskoppie deuntjie met die Roberts toepassing gespeel en tot sy grootste verbasing (en vreugde!) het enkele Gryskoppies hul verskyning op laer takke gemaak waar foto's moontlik was.



Woorde het ontbreek om die vreugde te beskryf toe hierdie ou gryskop, 'n Gryskoppie kon afneem! Cecil John Rhodes sou baie opgewonde wees as hy geweet het iemand gaan jare later so 'n gryskoppie-ervaring beleef! Dit bewys net weer dat selfs die kleinste voëltjies 'n voëlkyker se hart warm kan laat klop.

Willie Victor

UIT MY ARGIEWE

Nog in die dae van kleurskyfies, op 'n besoek aan Namibië om materiaal te versamel vir 'n voordrag aan voëltjie mense in Australië, het Stefan op die volgende petalje in die omgewing van Outjo afgekom.

Voordat Stefan hierdie storie kon skryf moes hy eers sy foto's op skyfies omskakel na die digitale medium. Hy het gemeen dat dit lankal tyd, en die foto's duidelik genoeg is om sy storie te vertel.

Bruinwewers (Chestnut Weavers), (*Ploceus Rubiginosus*) is nomadies en broei agter die reën aan eers redelik laat in die seisoen, so van Februarie af wanneer daar genoeg kos en nesmaak materiaal is. Die mannetjies kies die omgewing en begin hulle kenmerkende relatief slordige neste te bou. As hulle goed gevorder het daag die wyfies op, en begin paar en eiers lê. Die wyfies doen die broei werk en voer die kuikens, want dan het die mannetjies reeds verkas om die volgende kolonie te begin.

Dit is ook welbekend dat die Rooikopvinke (Red-headed Finches) (*Amadina erythrocephala*) gebruikte mossie en wewerneste oorneem om in te broei.



Foto 1. Inspeksie van akkommodasie

Daar was verskeie beskikbare kolonies van verlate neste nog van dieselfde seisoen in die nabye omgewing sonder enige teken van Rooikopvinke. In hierdie geval het die Rooikopvinke egter 'n aktiewe kolonie van die Bruinwewers verkies.

Foto 2. Vir iemand wat voëltjies goed ken sal dit duidelik wees dat hierdie Rooikopvinkwyfie swaar dragtig is en op die punt is om te lê. Sy het die kenmerkende opgehewe onderlyf vertoon met effens druipende vlerke en stert.




Foto 3. Hier was sy besig om by die wewernes in te gaan.

Fotos 4 en 5 toon aan hoe die Bruinwewers die betreders wegboender.



Stefan het soortgelyke gedrag in dieselfde omgewing waargeneem waar Swartkeelgeelvinke (Southern Masked Weavers) en Buffelwewers (Red-billed Buffalo Weavers) die Rooikopvinke by hulle neste verjaag het, tipies soos by ander gasheer/parasiet interaksies.

Stefan is van mening dat die Rooikopvinke 'n oorgangstadium bereik het om volledige parasiete te word. Die verskynsel mag nog net tot bevolkings in slegs sekere streke beperk wees. Om hierdie stelling te bevestig is meer tyd by so 'n "saamleefkolonie" nodig om te kyk of daar gashere is wat parasiet kuikens voer. Om parasiet eiers tussen die wewer eiers uit te ken is maklik, want die Rooikopvinke se eiers is wit en die wewer eiers is blougroen.

Stefan Heydenreich

IN 'N VLIETENDE SEKONDE OP DIE REGTE PLEK



Vyf vriendinne het by Uvongo aan die Natalse Suidkus gaan vakansie hou. Twee voëlkykers, dus was dit nie 'n voëlkyk vakansie nie. Op Margate se strand het 'n jong Kelpmeeu (Kelp Gull) 'n vissie gevang en lustig daaraan gesmul. Lounell White en Marietjie Lombard het hierdie gedrag staan en bekyk terwyl die ander drie teruggestap het na die beginpunt. Die meeu het eers die vissie se oë en kieuë geëet, weggevlug en teruggekom na sy prooi. Die vissie is kort, kort teruggegooi in die see en daarna is die res van die vissie se binnegoed deur sy kieuë geëet.

Terug by die res van die groep het Zelma, Hilda en Elna (nie voëlkykers nie) met groot opgewondenheid vertel van die groot bruin voël wat tussen die palmbome gevlieg het en saam met 'n maat later weggevlug het. Lounell soek al lank na die Witaasvoël (Palm-nut Vulture), van Mtunzini waar dié voëls broei tot Ramsgate waar daar ook 'n broeipaar is. Zelma het egter aangedui dat die voël bruin is en Lounell was nie seker van die beskrywing of dit wel die Witaasvoël was wat die drie gesien het nie. Tegnologie is egter 'n groot hulpmiddel en Zelma se beskrywing met die hulp van kunsmatige intelligensie het daarop gedui dat dit 'n jong Witaasvoël was wat die nie voëlkykers gesien het. Na twintig jaar se soek het Lounell dus nog nie die Witaasvoël gesien nie.

Twee dae later besluit die vyf om weer na die palmbome te ry waar die aasvoël gesien is en vir 'n vlietende sekonde het dié aasvoël laag genoeg oor die motor gevlieg dat beide Marietjie en Lounell dit as 'n "lifer" kon afmerk.

Lounell White

PILANESBERG 2026

Lucia was reg. Elke voëltjie het sy adres. As jy dus 'n ander voëltjie wil sien moet jy na 'n ander adres toe gaan! Nieteenstaande Rudi se waarskuwing oor swak paaie val Stefan hulle se keuse nogtans toe op Pilanesberg.

Hier en daar is van die grondpaaie wel geskraap na die verspoelings. Selfs dele van die "teerpaaie" is geskraap maar die spoedgrens van 40km/u is heel oorbodig want meeste van die tyd is 20 tot stilhou die veiligste en dan kan 'n mens ook effe rus van die geskud en miskien 'n bietjie eerstehulp toepas in die vorm van tee en 'n eetdingetjie.

Hulle het in die Bakgatlakamp in 'n chalet tuisgegaan teen net oor R4000 vir al drie aande. Die konsessiehouer, het baie moeite gedoen want die plek was skoon en netjies en die chalet was elke dag gediens. Drie jaar gelede was die toegang tot die park, ook vir drie aande, vir die voertuig en twee pensioenarisse R300. Hierdie keer was dit 'n kishou van meer as R1400.

Die groot skuiling by die Mankwedam en die een by die Ruighoekdam het inmekaargesak.

Opmerklik vir Stefan was dat hulle vir die vier dae net een trouphant (roller), twee Blouvalgies (Black-winged Kites) en vier Visarende (African Fish Eagles) gesien het maar geen ander groot roofvoëls nie. Daar was darem baie ander voëls en die wild was ook skaflik. Die damme was oorloopvol met baie water in die veld en die gras was ook ruig.



Die gevoel was tog by tye, dat dit al is van die voorheen groot trope volop wild, wat nog nie opgeëet is nie. By 'n vorige besoek moes Stefan een oggend vroeg vir 'n parkeraadvragmotor by die Bakgatlahek wag om uit te kom met 'n vrag karkasse wat nie eers goed toegemaak was met 'n seil nie. Duidelik die nag se oes!

Die antwoord op waar die voëls se adres is wat 'n mens dan so gretig is om te besoek is dit heel eenvoudig, daar waar hulle kos is. Hulle maak selfs hulle neste in die nabyheid.



Hier is die belangrike deel van die voedselketting. Die Kleinglansspreeu (Cape Glossy Starling) met die termiet met sy grassie.

Digby die spreeu was nog 'n lid van die "bird party" besig met sy kewer.



By 'n uitkykpunt aan die heel westekant van die park was hierdie langstertjie (prinia) besig om aan te lê na 'n spinnekoppie, so twee snawel lengtes voor hom, maar net sigbaar as jy jou oë skrefies maak.

By dieselfde uitkykpunt wat 'n mooi uitsig bied oor die Molotovlakte, groei daar 'n klompie wildedagga waar hierdie pragtige Maricosuikerbekkie (Marico Sunbird) homself tuisgemaak het.



Die Laeveldklappertjie (Flappet Lark) het dit nie maklik gehad om hierdie sprinkaan onder te kry nie.

Vir hierdie Langstertlaksman was een byt genoeg en bokveldtoe vir die sprinkaan.



Net om te wys dit is 'n wildtuin ook. Met die ore en aandag gespits vir moontlike prooi.

Saam met die roofdiere, die groter roofvoëls, die kleiner insek en saadvreters is almal se kos uiteindelik afhanklik van gras en ander plante en kan byna almal primêr as herbivore beskou word. Hulle bewaring impliseer dan hoofsaaklik die bewaring van plante.

Stefan Heydenreich

OTLEF PAUL MARTIN (O.P.M.) PROSESKY

20 June 1914 – 2 February 2000 (86yrs)



OPM Prosesky was an Ornithologist attached to the Transvaal Museum in Pretoria. He was born in Ermelo, Mpumalanga – the then Transvaal, the son and grandson of missionaries of the Berlin Missionary Society. As a young boy, he accompanied his father, Otto, by horse and cart to many places – one being Swaziland. During this time his father instilled in him a love of nature.

He studied at the Transvaal University College in Pretoria and qualified as a teacher. At the University of Pretoria (TUKS), he obtained his BSc in Maths and Physics and became a Maths teacher. After teaching for 23 years, amongst others at the Afrikaans Hoër Seunskool (Affies) in Pretoria – he resigned to study Zoology at TUKS.


When Austin Roberts published his book “Birds of South Africa” in 1940 – it focused his interest in birds. In 1956 – he was responsible for the establishment of the “Austin Roberts Bird Sanctuary” in Pretoria. He had been associated with the Transvaal Museum since 1958 as an Ornithologist.

In 1964 - he gave talks on SABC called “Ons Voëls” and after would be called “Oom Proz”. He published a number of books, one being “A Field Guide to the Birds of SA” in 1970.

He co-wrote “Ons Geveerde Vriende” with Johan Nel – a series of 10 episodes that aired on TV 1 in 1988. The University awarded him the “Chancellor’s Medal” and the 60 hectare “OPM Prozesky” Bird Sanctuary in Potchefstroom was named after him.

He was married to Marie Niemeyer (1914 – 1969) with whom he had 3 children. His second marriage was to Lieselotte Schulze (1917 – 2011) – an entomologist.

Source: https://af.wikipedia.org/wiki/O.P.M._Prozesky



Roy Byers

NETWERK SKAKELING

SAMEWERKING MET ERE VELDWAGTERS

Een van BirdLife Wesvaal se doelwitte is om voël- en natuurbewaring te bevorder deur middel van kommunikasie, omgewingsopvoeding en aktiewe betrokkenheid by die gemeenskap. Die voël klub werk ook graag saam met ander organisasies wat 'n soortgelyke passie vir die natuur en bewaring deel.

Tydens die beplanning van BirdLife Wesvaal se 40ste bestaansjaar vieringe in Maart 2024, het verskeie klublede wat ook by die Ere Veldwagters betrokke is, voorgestel dat die Ere Veldwagters ook 'n ondersteunende en deelnemende rol by die fees speel. Hierdie voorstel is met entoesiasme aanvaar, en so was die Bankenveld Ere Veldwagters van Potchefstroom ook deel van die vieringe in 2024 by die Elgro River Lodge.



Dit het die grondslag gelê vir 'n sterk en meer gereelde samewerking, formeel en informeel, tussen BirdLife Wesvaal en die Ere Veldwagters van Bankenveld. Op 16 Mei het die Ere Veldwagters lede van BirdLife Wesvaal uitgenooi om die dag saam



met hulle deur te bring by die Boskop Bootklub. 'n Aanbieding deur Frans Putter, Grondwater en die impak op Watervoëls, het die dag tussen die twee groepe ingelei.

Tydens etenstyd het die Ere Veldwagters, lede van BirdLife Wesvaal getrakteer op heerlike potjiekos en so is bande tussen die twee groepe verder versterk.



FEITE EN GEËTE

KONINKLIKE VOËL

Die Bloukuifloerie (Purple-crested Turaco) het die aandag van die koning gesin in Eswatini getrek. Dié voël is die nasionale voël van Eswatini en het volgens die koning gesin koninklike status, ongelukkig ten koste van die Bloukuifloerie.



Die Bloukuifloerie kom in digte plantegroei voor en is moeilik sigbaar, ten spyte van sy prominente kleure, maar in vlug is die helderrooi primêre vlugvere duidelik sigbaar. Dit is hierdie rooi vlugvere wat tot nadeel van die Bloukuifloerie strek. Tydens nasionale seremonies soos die rietdans wat elke September plaasvind word die

koninklike tooisels met hierdie helderrooi dekvere versier. Daar word beweer dat daar meer as 500 kinders van koninklike afkoms is en baie Bloukuifloeries moet dus gevang word sodat daar genoeg vere vir die koninklike hooftooisels is.

Bron: Unwin, M. (2022) *Around the world in 80 birds*. London: The Orion Publishing group Ltd.

Lounell White & Willie Victor

Verwarrende spesies

'n Jong voël kan soms met 'n ander spesie verwar word soos is die geval van kakelaars (wood hoopoe). Die jong Rooibekkakelaar (Green Wood Hoopoe) het 'n swart bek net soos die Swartbekkakelaar (Common Scimitarbill). Die jong Rooibekkakelaar het egter rooi pote met duidelike wit bande op die vlerke. Die volwasse voël het 'n duidelike rooi bek en 'n verdere onderskeid is dat die stertvere ook duidelike wit bande vertoon.



Rooibekkakelaars is raserig en kom gewoonlik in groepe voor.



Die Swartbekkakelaar daarenteen het swart pote en die wit bande op beide die vlerke en sterte is baie minder opsigtelik. Swartbekkakelaars kom alleen of in pare voor.

VOORBLAD



Die wetenskaplike naam van die Bromvoël (Southern Ground Hornbill) *Bucorvus leadbeateri* is afkomstig van die Griekse woord *borus* wat os beteken en *corvus* wat kraai beteken. Dit verwys na die groot kraaiagtige voorkoms van die Bromvoël. Die spesienaam verwys na 'n Victoriaanse ornitoloog en taksidermis Leadbeater wat 'n voorbeeld van hierdie voël aan die Britse

museum gelewer het.

Die Bromvoël word tussen 90 en 130 cm lank en weeg ongeveer 6 kg wanneer hulle volwasse is. Bromvoëls kan tot 70 jaar oud word en woon in uitgebreide familiëgroepe van 3 tot 12 individue. Die groepe is territoriaal en slegs een wyfie in die groep teel, die ander lede van die groep help om die kuikens groot te maak. Jongelinge se vel rondom die nek het 'n room kleur wat later 'n pienk kleur aanneem soos wat die Bromvoël ouer word. Die donkerrooi kleur word eers met volwassenheid, wat ongeveer op 5 - 6 jarige ouderdom, bereik.



In warm weer koel Bromvoëls af deur hulle bekke oop te maak of om hulle vlerke op te lig van hulle liggame sodat hitte deur die vel kan ontsnap.



Bromvoëls het duidelike wimpers wat stywe gemodifiseerde vere is. Die wimpers beskerm hulle teen stof, blare en ander skerp voorwerpe wanneer hulle na kos soek. Voedsel bestaan hoofsaaklik uit insekte, klein soogdiere, reptiele en paddas.

Die status van die voël word as bedreigd (endangered) beskryf en dit is hoofsaaklik te wyte aan habitat verlies van die savanna

areas waarin hulle voorkom. Landbou aktiwiteite krimp die habitat en die voëls is dus beperk tot klein gebiede wat nog savanna veld is. Hierdie voëls word ook vir tradisionele medisyne gejag.

Bewaringsgroepe monitor die voortbestaan van die Bromvoëls en vra ook die publiek se hulp deur groepe wat waargeneem word te rapporteer, met die getal voëls in die groep asook die spesifieke ligging waar hierdie voëls waargeneem is.

Bronne:

Germiquet, E. 2026. *South African birds by name. Origins and meanings*. Struik Nature, Cape Town.

Lee, A & Banda, S. 2025. *Birds on the brink*. Struik Nature, Cape Town.

Lounell White

Voorblad foto verskaf
deur Lounell White

Alle foto's verskaf deur
lede van Birdlife Wesvaal

ARTIKELS

Word format

Arial 12

Spasiëring 1.15

Uitleg: Justify

Foto's resize tot 800